Nuusbrief vir 19 Maart 2020

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor - belangrike skrywe

18 Maart 2020

Die Covit-19 / Corona-virus het 'n groot impak op ons skool en gemeenskap. Lees asseblief die skrywe hieroor onder Bronne / "Resources" op hierdie D6 Communicator.

Werksopdragte Eng gr 10-12

18 Maart 2020

Kyk gerus onder Bronne / "Resources" op hierdie D6 Communicator vir vakansiewerk vir graad 10-12 leerders.

Werksopdrag Graad 9 Eng. First Additional Language

18 Maart 2020

Mev E de Clerk het 'n werksopdrag vir graad 9-leerders 'English First Additional language' op hierdie program (D6) op "Bronne / Resources" gelaai. Gaan kyk asseblief na die opdrag, druk dit uit, en gee vir u kind om in die vakansie te doen.

Werksopdrag Graad 8 Eng. First Additional Language

18 Maart 2020

Mev E de Clerk het ook 'n werksopdrag vir graad 8-leerders 'English First Additional language' op hierdie program (D6) op "Bronne / Resources" gelaai. Gaan kyk asseblief na die opdrag, druk dit uit, en gee vir u kind om in die vakansie te doen.

E-pos adresse

17 Maart 2020

Maak asseblief seker van die volgende e-pos adresse vir u rekords:
Mev F Hamman (ontvangssekretaresse): admin@swartlandhs.co.za
Mev P van der Westhuijzen (finansies): finansies@swartlandhs.co.za
Mev D de Klerk (admin, o.a. nuwe inskrywings): ddeklerk@swartlandhs.co.za

Skoolfonds

17 Maart 2020

Daar is steeds heelwat ouers wat nog geen skoolfonds betaal het nie. Skoolfonds is jaarliks vanaf Februarie tot November verpligtend betaalbaar. U het onlangs die kontrolevorm ontvang met die betaalprosedure en -reëlings van die skool. Alle rekeninge wat geen betaling op 31 Maart 2020 toon nie, word onmiddellik aan ons prokureurs oorhandig. Onderaan u staat kan u elke maand 'n spesiale boodskap lees. Hierdie boodskap bevat baie belangrike inligting en reëlings rakende die skoolfonds. Lees asseblief die 'fynskrif'.
U moet asseblief daarop let dat die state deur ons diensverskaffer gestuur word vanaf die e-pos adres: herman@schooladmin.co.za
Dit kom NIE van ons onderwyser, mnr Dreyer af nie. U kan hom nie hieroor kontak of met hom kommunikeer nie.

Skoolfonds kontrolevorms (1)

17 Maart 2020

Liewe ouers, ons het al die belangrikheid van die Kontrolevorm verduidelik. Ek doen dit graag weer.
Dit is van uiterste belang dat ons u kontakbesonderhede sowel as u werkgewer se besonderhede het, sou daar ‘n krisis by die skool ontstaan. Indien ons u dringend in die hande moet kry en die besonderhede op ons stelsel is foutief, kan ons na die leerder se klaslêer gaan en die besonderhede kontroleer of u werkgewer kontak.Daar is nog ‘n hele aantal leerders se vorms uitstaande. Stuur dit asseblief so spoedig moontlik volgende kwartaal terug na u kind se registeronderwyser. Neem asseblief tien minute en doen moeite met die invul van die vorm. Daar is ‘n hele paar “administratiewe omslagtighede” wat in die begin van elke skooljaar afgehandel moét word.

Skoolfonds kontrolevorms (2)

17 Maart 2020

Vir u mag dit belaglik wees, maar vir ons is hierdie inligting van kritiese belang. Indien u reeds vooruit vir die jaar skoolfonds betaal het, is ons dankbaar daarvoor, maar dan moet u steeds die inligting voltooi vir u kind se onthalwe. Indien u inligting van verlede jaar af steeds dieselfde is, moet u ook die vorm voltooi. Dit is WKOD instruksies dat dit jaarliks gedoen moet word.
Die skoolfondsbesonderhede is slegs ‘n klein gedeelte van die vorm omdat die WKOD van ons vereis dat ons moet bewys dat ouers kennis dra van die skoolfonds en betaalreëlings. Kontak my gerus indien u steeds ‘n probleem met die vorm het.
- P van der Westhuijzen - Finanskantoor

Koshuislosies vir 2020

17 Maart 2020

Die volgende bedrae is vir koshuislosies vir 2020 goedgekeur:
R30 100 per leerder per jaar, as volg betaalbaar:
Eenmalige bedrag van R30 100 binne die eerste kwartaal van die jaar;
R7 525 kwartaalliks binne die eerste twee weke van elke kwartaal;
R3 010 per maand per aftrekorder of binne die eerste week van elke maand, oor 10 maande van die jaar.
Indien u nog nie vir 2020 'n faktuur ontvang het nie, moet u asseblief vir mev De Klerk by die skool skakel, want dan is u e-pos adres nie korrek op ons koshuisfinansies se rekords nie. Baie dankie!

Tennis uitslae

17 Maart 2020

Ons tennisspanne het op 4 Maart teen HS Vredenburg gespeel. Die eerste seuns wen 16-0. Spelers wat hul wedstryde gewen het, was Aiden Cupido, Andrew Myburg, Janco Ferreira en Wian Cotter. Die eerste dogters verloor 7-8. Spelers wat hul enkelwedstryde gewen het, is Bea Bester en Brigitte Buys.
Ons eerste seunspan het op 11 Maart teen HS Hopefield gespeel en 15-3 gewen. Spelers wat hul enkelwedstryde gewen het, is Aiden Cupido, Andrew Myburg en David Isaacs. Baie geluk aan hierdie spelers.

Rugby uitslae

17 Maart 2020

HSS vs Brackenfell:
O/14A wen 33-0; O/15A verloor 7-14; O/16A gelykop 12-12; O/19A verloor 10-17.

Netbal uitslae

17 Maart 2020

Naweek van 13, 14 Maart:
O/19 verloor teen Brackenfell 9-15; verloor teen Gim 5-21; verloor teen Drostdy 13-27.
O/17 wen Melkbos 20-9; verloor teen Gim 9-25; wen Labori 15-1.
O/16 wen Bosmansdam 21-3; verloor teen Gim 6-18; wen Fairbairn 19-7.
O/15 verloor teen Gim 4-15; verloor teen Brackenfell 5-7; wen Edgemead 18-8.
Teen Namaqua: O/19B wen 11-8; O/16A wen 31-8; O/15B/C verloor 4-14; O/14A wen 20-12; O/14B gelykop 10-10.

Hokkie uitslae

17 Maart 2020

Op 13 Maart: O/19A seunshokkie gelykop 0-0 teen Durbanville.
Seuns 16A verloor 0-5 vs Brackenfell; Dogters 16A wen 4-0 vs Robertson; Dogters 19A wen 3-0 vs Bredasdorp.
Naweek 15 Maart: O/16 SPAR uitdaging voorseisoen toernooi:
HSS verloor 0-1 vs Charlie Hofmeyr; verloor 0-2 vs Edgemead; wen 1-0 vs Hermanus; wen 3-1 vs Pinelands.
Baie dankie aan ons afrigters en organiseerders wat dit vir ons leerders moontlik maak om hul sport te geniet.

Netbal oefentye

17 Maart 2020

O/14: Dinsdae en Donderdae 14:15 - 15:30
O/15: Dinsdae en Donderdae 14:15 - 15:30
O/16: Dinsdae en Donderdae 15:30 - 17:00
O/17: Dinsdae en Donderdae 15:30 - 17:00
O/18: Maandae 16:00 - 17:00; Dinsdae en Donderdae 15:30 - 17:30; Woensdae 15:30 - 17:00

Hokkie winter oefentye

17 Maart 2020

Die hokkie winter oefenprogram begin vanaf 2 Maart. Vergewis uself van die oefentye - die rooster is op Bronne / "Resources" op hierdie D6 Communicator program.

Skoolfonds vir 2020

17 Maart 2020

Die volgende skoolfonds en resolusies is bevestig en goedgekeur:
Skoolfonds van R17 900 per jaar per leerder. Dit word eenmalig vooruit gehef en is vooruitbetaalbaar.
U kan op drie maniere betaal:
R17 000 voor 28 Februarie 2020, OF R4 475 binne die eerste 14 dae van elke kwartaal, OF R1 790 per maand oor 10 maande met die laaste paaiement vóór 30 November 2020.
Alle nié-betalers tot en met die 31 Maart 2020-rekonsiliasie word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Alle rekeninge wat vir 60 dae en langer dormant en onbetaald is, word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Let wel- spesiale betaalreëlings mag slegs deur beheerliggaam (skriftelik) goedgekeur word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

17 Maart 2020

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

17 Maart 2020

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 19 Maart 2020 - 26 Maart 2020

19th Maart 2020
Puntebespreking

20th Maart 2020
Rapporte aan leerders of ouers
08:00-09:00

21st Maart 2020
Menseregtedag

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Eng Catch-up programme for March holidays Grades 10-12 (2)

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e71f11f9fe06328585139.docx

Grade 10-12 Eng FAL assessment rubric Oral Apr2020

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e71dcb6dd2ae216246133.docx

Corona-virus impak op HSS (Eng brief)

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e71e9d3e3b71684371769.docx

Corona-virus impak op HSS (Afr brief)

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e71e990ab0d9227537430.docx

Grade 11 Eng FAL oral Apr2020

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e71dc902cdaa581169541.docx

Werksopdrag vir graad 8 Eng. FAL leerders

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e71db3e4d57a010127100.docx

Werksopdrag vir graad 9 Eng. FAL leerders

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e70a37d07351846543573.docx

Maart 13 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e6a1577d0576570025269.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.